

18 Desember

**Skrifgedeelte: Ester 8:1-17**  
**Fokusgedeelte: NGB, Art 36**

### **Die taak van die owerheid – beskerm die deugsames**

Die owerheid is God se instrument om mense wat tot sy eer lewe, te beskerm. 'n Owerheid behoort ook deugsame onderdane te beloon en te prys (Rom 13:3).

As gevolg van die sonde slaag owerhede egter nie altyd in hierdie goddelike roeping nie. Politiekery, vooroordeel en persoonlike ambisie kan 'n owerheid as beskermmer van deugsames laat ontspoor. Die geskiedenis van Ester is 'n voorbeeld hiervan. Die goddelose Haman se vooroordeel en slinkse planne loop uiteindelik daarop uit dat die bestaan van die hele Joodse volk (en die Verlosser wat uit hulle gebore sou word) bedreig word (Ester 3:9). Koning Ahasveros word mislei en hy vaardig 'n wet van die Meders en die Perse in hierdie verband uit, 'n wet wat nie herroep kan word nie! (Vgl vers 8.)

Wat nou? Wat moet gelowiges vandag nog doen as dit lyk of deugsames onder 'n bepaalde regering se bewind onherroeplik uitgebuit word en skade ly? Die boek Ester leer dat dit juis dan die tyd is om as ware deugsames vas te bly staan. Mordegai se lojaliteit (Ester 6:2) en koningin Ester se moed, nederigheid en respek (vers 3-4) oortuig die koning dat hulle deugsame mense is. Daarom laat hy toe dat die bedreigde volk hulle vyande oorwin.

'n Goeie owerheid beskerm die deugsames. Maar, selfs as die owerheid in hierdie taak faal, sal God dit nog doen. Uiteindelik is dit Hy wat deugsames beskerm, hoe dan ook. Leef daarom elke dag deugsam, veral in jou verhouding met die owerheid. Bly tot sý eer leef, ongeag wat ook al gebeur.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*